15 Mei 2022

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Openbaring 21:1-6
Perfekte hemel, perfekte aarde!

wat wil jy vandag **bereik?**

Die nuwe hemel en die nuwe aarde is perfek. Dieselfde God is nou by ons.

ons **storie:** waar is ons nou?)

Sommige dinge pla mense vreeslik as dit nie presies reg is nie. Soos knopies waarvan een verkeerd sit; of pizza wat verkeerd gesny word, of vloerteëls wat nie netjies in 'n ry is nie. Watter dinge moet vir jou presies reg wees?

Watter dinge sal hierdie lewe dadelik vir jou beter maak as dit kan verander?

Sê nou maar net daar was nie eendag 'n nuwe hemel

GOD se **storie**

wat sê die Bybel (daar en dan)

Lees **Openbaring 21:1-6** saam as 'n groep of familie. Kyk dan die Oupa Abie video wat gaan oor die teksgedeelte

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Kyk wie kan die mees perfekte sirkel met 'n vrye hand teken. Elkeen kry 'n beurt.

Laat elkeen dan drie sirkels op 'n A4 teken wat God Drie-Enig vir ons voorstel. Skryf uit Openbaring 21:5: "Kyk, Ek maak alles nuut!"



gesels dan oor die volgende saam

Wat het jy by Oupa Abie geleer oor die gedeelte?

Hoekom was dit belangrik vir die Christene van lank gelede om te hoor dat al die stukkend en seer van hierdie lewe eendag verbygaan? Om te hoor dat die nuwe hemel en aarde perfek is?

“God has moved into the neighbourhood.” Hoe sou hierdie sinnetjie die Christene laat voel en dink het?

Openbaring staan einde se kant toe. Dit maak klaar met die hoogtepunt van waarheen ons op pad is. Watter van hierdie verse is vir jou die mooiste?

ons nuwe **storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Hoe help dit ons om te weet dat ons op pad is na hierdie nuwe hemel en nuwe aarde toe?

Die lewe hier is nie perfek nie – maar God is wel nou ook al by ons. Hoe inspireer dit jou?

Hoe kan jy vir iemand anders wys dat God hier is?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Bid dat Christene getroos en versterk sal wees omdat die nuwe hemel en aarde perfek is.

Bid dat die stukkend en seer van vandag hier deur God self gesond gemaak sal word.